

*THE PROVINCE OF
GAUTENG*

*DIE PROVINSIE
GAUTENG*

**Provincial Gazette Extraordinary
Buitengewone Provinsiale Koerant**

Vol. 13

PRETORIA, 21 NOVEMBER 2007

No. 334

CONTENTS • INHOUD

<i>No.</i>		<i>Page No.</i>	<i>Gazette No.</i>
LOCAL AUTHORITY NOTICES			
2957	Town-planning and Townships Ordinance (15/1986): Midvaal Local Municipality: Amendment Scheme P542.....	3	334
2958	do.: do.: Declaration as an approved township: Eye of Africa Extension 1	9	334

LOCAL AUTHORITY NOTICES

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2957

LOCAL AUTHORITY NOTICE MN382/07 MIDVAAL LOCAL MUNICIPALITY AMENDMENT SCHEME PS42

The Council hereby in terms of provisions of Section 125 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, declares that it has approved the amendment scheme, being an amendment of the Peri Urban Townplanning Scheme, 1975, comprising the same land, as included in the Township of Eye of Africa Extension 1.

Map 3, Annexure and scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Executive Director : Development Planning, Transportation and Environment : Midvaal Local Municipality and are open for inspection at all reasonable times.

The amendment scheme is known as Amendment Scheme PS42

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2957

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING MN382/07 MIDVAAL PLAASLIKE MUNISIPALITEIT WYSIGINGSKEMA PS42

Die Stadsraad verklaar hierby ingevolge die bepalings van artikel 125 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, dat dit 'n wysigingskema synde 'n wysiging van die Buitestedelike Stadsbeplanningskema, 1975, wat uit dieselfde grond as die dorp Eye of Africa-uitbreiding 1 bestaan, goedgekeur het.

Kaart 3, Bylae en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur Uitvoerende Direkteur : Ontwikkelingsbeplanning, Vervoer en Omgewing, Midvaal Plaaslike Munisipaliteit en is beskikbaar vir inspeksie te alle redelike tye.

Hierdie wysigingskema staan bekend as Wysigingskema PS42

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2958**PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING MN382/07
MIDVAAL PLAASLIKE MUNISIPALITEIT
VERKLARING TOT GOEDGEKEURDE DORP**

Ingevolge artikel 103 (1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No. 15 van 1986) verklaar die Midvaal Plaaslike Munisipaliteit hierby die dorp Eye of Africa-uitbreiding 1 tot 'n goedgekeurde dorp onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande Bylae.

BYLAE

VOORWAARDES WAARONDER 'N AANSOEK INGEDIEN WAS DEUR EYE OF AFRICA DEVELOPMENTS (EIENDOMS) BEPERK (HIERNA GENOEM DIE AANSOEKER / EIENAAR) OOREENKOMSTIG ARTIKEL 96(1) VAN DIE STADSBEPLANNINGS- EN DORPE-ORDONNANSIE, 1986 (ORDONNANSIE 15 VAN 1986) VIR TOESTEMMING OM 'N DORP OP GEDEELTE 159 VAN DIE PLAAS ALEWYNSPOORT NOMMER 145 IR TE STIG IS TOEGESTAAN DEUR DIE PLAASLIKE RAAD VAN MIDVAAL (HIERIN GENOEM "DIE RAAD") OOREENKOMSTIG ARTIKEL 98 VAN DIE STADSBEPLANNINGS- EN DORPE-ORDONNANSIE, 1986 (ORDONNANSIE 15 VAN 1986).

1 STIGTINGSVOORWAARDES**1.1 NAAM**

Die naam van die dorp sal wees **EYE OF AFRICA-UITBREIDING 1**.

1.2 ONTWERP

Die dorp sal bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan SG No: 5452/2007.

1.3 REËLING MET BETREKKING TOT BESTAANDE TITELVOORWAARDES

Alle erwe sal aan bestaande voorwaardes en serwitute onderworpe wees, indien enige, met inbegrip van die voorbehoud van mineraalregte, maar met uitsluiting van die volgende voorwaardes:-

1.3.1 Kragtens Notariële Serwituutakte nommer K852/1996S, is aan Eskom die reg van 'n gebou en boombepanking toegestaan, tesame met bybehorende regte, en onderhewig aan voorwaardes soos meer volledig sal blyk uit die voormelde notariële akte en diagram SG No. A728/1994 daarby aangeheg en soos aangedui deur afbeelding s6 s7 E op Diagram S.G. Nr. 1942/2006 en wat slegs Erwe 2542 en 2543 affekteer.

- 1.3.2 Aan die reg ten gunste van The Victoria Falls and Transvaal Power Company Limited om elektrisiteit oor die Resterend Gedeelte van Gedeelte "A" van die voornoemde plaas Alewynspoort Nr 145 I.R., groot 333,9589 hektaar ('n gedeelte waarvan hiermee getranspoteer word) te vervoer tesame met bykomende regte, en onderhewig aan kondisies, soos meer volledig sal blyk uit Notariële Akte van Serwituut Nr 1315/1940S met kaart daaraan geheg, geregistreer op 3 Desember 1940 die middellyn van welke serwituut word aangedui deur die lyne s13 s13b en s14 s15 s20 s21 op kaart S.G. Nr 1942/2006 and which affects Erven 1461 to 1465, 1882, 1897, 1898, 1901, 1902, 1904, 1908, 1909, 2128, 2532, 2535, 2537, 2546, 2548, 2555, 2558, 2559, 2561, 2567, 2607, 2616, 2617, 2618, 2633, 2658, 2662, 2664 only.
- 1.3.3 Kragtens Notariële Serwituutakte K2213/1989S, gedateer 4 Julie 1989, is die reg aan ESKOM verleen om elektrisiteit te vervoer oor die eiendom hierby getranspoteer met bybehorende regte, en onderhewig aan voorwaardes waarvan die roete kragtens Notariële Serwituutakte K7402/1993S omskryf is met diagramme daaraan geheg en waarvan die middellyn aangedui word deur die lyne s8 s9 s9x, s10a s10 s11 s12 en s9x s9a op die aangehegte Diagram SG Nr. 1942/2006 en soos meer volledig sal blyk uit die verwysing na die genoemde Notariële Aktes en wat slegs erwe 1413 to 1434, 1883, 1889, 1900, 1905, 1910, 2075, 2111, 2126, 2127, 2529, 2535, 2537, 2538, 2543, 2544, 2558, 2559, 2567, 2607, 2608, 2616, 2617, 2618, 2633, 2634, 2658, 2659, 2661, 2663 affekteer.
- 1.3.4 Kragtens Notariële Serwituutakte K1228/1994S is die daaringenoemde eiendom onderhewig aan 'n elektriese kragtransmissie-serwituut ten gunste van Eskom, en waarvan die roete kragtens Notariële Serwituutakte K5271/1994S omskryf is met diagram daaraan geheg en waarvan die middellyn aangedui word deur die lyne s15 s16 s17 s18 en s 15 s19 s20 s21 op die aangehegte Diagram SG Nr. 1942/2006 en soos meer volledig sal blyk uit die verwysing na die genoemde Notariële Aktes en wat slegs erwe 1452 tot 1461, 2543, 2607 en 2608 affekteer.
- 1.3.5 Kragtens Notariële Serwituutakte K2024/1976S, gedateer 30 Januarie 1976, is die daaringenoemde eiendom geregtig op 'n ewigdurende pyleiding-serwituut 2 (Twee) meter breed oor Gedeelte 70 (Gedeelte van Gedeelte 19) van die plaas Alewynspoort Nommer 145, Registrasie-afdeling I.R. soos wat meer volledig sal blyk uit die verwysing na die genoemde Notariële Akte welke reg nie op die erwe in die dorp sal oorgaan nie.

1.4 SLOPING VAN GEBOUE EN STRUKTURE

Die dorpseienaar moet op sy eie onkoste die sloping van alle bestaande geboue en strukture binne die boulyn-reserwes, of oor gemeenskaplike grense heen bewerkstellig tot die Raad se bevrediging, wanneer dit deur die Raad vereis word om dit te doen.

1.5 VERWYDERING EN VERVANGING VAN MUNISIPALE DIENSTE

Indien, op grond van die dorpstigting, dit nodig wou word om enige bestaande munisipale dienste te verwyder of te vervang, moet die koste daarvan deur die dorpseienaar gedra word.

1.6 AANNAME EN VERWYDERING VAN STORMWATER

Die dorpseienaar moet die nodige reëlings met die Raad tref vir die voorbereiding en indiening vir goedkeuring van 'n stormwater-beheerplan, vir die aanname en verwydering daarvan.

1.7 VERVANGING VAN STROOMKRINGE/-LYNE

Indien, op grond van die dorpstigting, dit nodig wou word om enige bestaande stroomkringe/-lyne van Eskom of Telkom te vervang, moet die koste daarvan deur die Dorpsaansoeker gedra word.

1.8 OPRIGTING EN PLIGTE VAN 'N ARTIKEL 21 MAATSKAPPY OF ANDER SOORTGELYKE REGSPERSOON

1.8.1 Die aansoeker moet op behoorlike en wettige wyse 'n Inwonersvereniging tot bevrediging van die Raad oprig voor die verkoop van die eerste erf, welke vereniging nie geskrap mag word sonder toestemming van die Raad nie.

1.8.2 Die Toegangserwe (erwe 2591 tot 2665) en enige private oop ruimte moet in die naam van die Inwonersvereniging geregistreer word, en die genoemde erwe mag nie verkoop of op enige ander wyse vervreem word sonder vooraf verkreë skriftelike toestemming van die Raad nie.

1.8.3 Elke en iedere eienaar van 'n erf in die Dorp word lid van die Inwonersvereniging by die oordrag van die erf. 'n Sodanige Vereeniging sal volle verantwoordelikheid vir die toegangserwe (erwe 2591 tot 2665) hê en die essensiële dienste wat die dorp bedien daarby inbegrepe en vir enige private oop ruimte.

1.8.4 Die Inwonersvereniging sal volle wettige magtiging hê om van elke en iedere lid 'n heffing in te vorder ten opsigte van die koste aangegaan om die Vereniging se funksie te vervul,

en die Vereniging sal 'n regresreg hê om sodanige gelde te verhaal in die geval van wanbetaling deur enige lid.

- 1.8.5 Die Raad sal nie aanspreeklik wees vir die onklarheid van die oppervlakbehandeling van die toegangsweg nie.
- 1.8.6 'n Serwituut vir munisipale dienste moet oor die toegangserwe (erwe 2591 tot 2665) ten gunste van, en tot bevrediging van die Raad geregistreer word.
- 1.8.7 Die Raad sal die reg van onbeperkte toegang tot die toegangserwe (erwe 2591 tot 2665) hê.
- 1.8.8 Die toegangserwe (erwe 2591 tot 2665) en enige private oop ruimte mag nie verkoop of oorgedra word aan enige persoon behalwe die Inwonersvereniging en die toegangserwe (erwe 2591 tot 2665) en enige private oop ruimte mag nie hergesoneer word tensy toestemming van die Raad vooraf verkry is nie.
- 1.8.9 Toegang vanaf die erwe in die Dorp na die Openbare Pad sal oor die toegangserwe (erwe 2591 tot 2665) wees.

1.9 TOEGANG

Toegang tot of uitgang van die dorp moet die betrokke departement van die Raad tevrede stel.

1.10 BEPERKING OP DIE OORDRAG VAN ERWE

Erwe 2591 tot 2665 en enige private oop ruimte mag slegs aan die Inwonersvereniging oorgedra word, welke vereniging die volle verantwoordelikheid vir die funksionering en behoorlike onderhoud van die genoemde erwe sal dra.

2 VERPLIGTINGS TEN OPSIGTE VAN DIENSTE EN BEPERKINGS TEN OPSIGTE VAN DIE VERVREEMDING VAN ERWE

- (a) Die aansoeker moet, kragtens 'n voorafgaande ooreenkoms met die Raad, sy verpligtings ten opsigte van die voorsiening van ingenieursdienste in en vir die dorp kragtens Hoofstuk 5 van die Ordonnansie ten uitvoer bring.
- (b) Geen bydraes sal tot die voorsiening van eksterne ingenieursdienste, massa-riolering en begiftiging in die plek van parkegebied kragtens die Ordonnansie betaalbaar wees nie.
- (c) Geen erwe mag vervreem of in die naam van enige persoon oorgedra word voordat die Raad gekonstateer het dat voorsiening gemaak is vir

voldoende waarborge / kontantbydrae / begiftigings, of voordat die Raad tevrede is dat die vereistes ten opsigte van dienstelewering deur die dorpsenaar nagekom is nie.

- (d) Gedeeltelike en/of gefaseerde Sertifikate kragtens Artikel 82 van die Stadsbeplannings- en Dorpe-ordonnansie 1986 (Ordonnansie 15 van 1986) kan deur die Raad uitgereik word.

3 TITELVOORWAARDES

Voorwaardes opgelê deur die Plaaslike Owerheid kragtens die bepalings van die Stadsbeplannings- en Dorpe-ordonnansie, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986).

Die erwe hieronder genoem sal onderworpe wees aan die voorwaardes soos aangedui-

3.1 ALLE ERWE BEHALWE ERWE 2591 TOT 2665

- 3.1.1 Die erf is onderworpe aan 'n serwituut, twee meter breed, ten gunste van die Plaaslike Owerheid vir riolering en ander munisipale doeleindes, aan enige twee grense buiten 'n straatgrens en in die geval van 'n smalstrook-erf, 'n addisionele serwituut vir munisipale doeleindes, twee (2) meter breed dwarsoor die toegangsgedeelte van die erf, indien en wanneer dit deur die Plaaslike Owerheid vereis word: Onder voorbehoud dat die Plaaslike Owerheid van enige sodanige serwituut mag afsien.
- 3.1.2 Geen geboue of ander strukture mag binne die voormelde serwituutgebied opgerig word nie en geen bome met groot wortelstelsels mag binne sodanige serwituutgebied of minder as twee (2) meter daarvandaan geplant word nie.
- 3.1.3 Die Plaaslike Owerheid sal die reg hê om sodanige materiaal wat tydens die verloop van die konstruksie opgegrawe mag word tydelik op grond wat grens aan die voornoemde serwituut te stort, onderhoud of verwydering van sodanige hoofrioolpype en ander werke, wat hy na sy goeddunke nodig ag, te onderneem en sal verder die reg van redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doeleinde hê, onderworpe daaraan dat enige skade wat veroorsaak word gedurende die konstruksieproses, onderhoud of verwydering van sodanige hoofrioolpype, vergoed word deur die Plaaslike Owerheid.

3.2 ERWE 2591 TOT 2665

- 3.2.1 Die erf is onderworpe aan 'n Reg-van-Weg-serwituut ten gunste van die eienaars en bewoners van tyd tot tyd van alle ander erwe in die Dorp, vir toegangsdoeleindes.
- 3.2.2 Die hele erf is onderworpe aan 'n serwituut vir munisipale doeleindes en Reg-van-Weg ten gunste van die Plaaslike Owerheid soos meer volledig op die Algemene Plan aangedui.
- 3.2.3 Die erf mag nie vervreem of oorgedra word in die naam van enige persoon/regspersoon sonder die vooraf verkreeë skriftelike toestemming van die plaaslike raad nie.

3.3 ERWE 2530 EN 2548

Die erf is onderworpe aan 'n Reg-van-Weg-serwituut tien (10) meter breed vir toegangsdoeleindes ten gunste van die eienaars en bewoners van tyd tot tyd van Erf 2534 soos op die Algemene Plan aangedui.

UITVOERENDE DIREKTEUR : ONTWIKKELING EN BEPLANNING

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2958

LOCAL AUTHORITY NOTICE MN382/07 MIDVAAL LOCAL MUNICIPALITY DECLARATION AS APPROVED TOWNSHIP

In terms of section 103 (1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986) the Midvaal Local Municipality declared Eye of Africa Extension 1 to be an approved township subject to the conditions set out in the Schedule hereto.

SCHEDULE

CONDITIONS UNDER WHICH AN APPLICATION WAS SUBMITTED BY EYE OF AFRICA DEVELOPMENTS (PROPRIETARY) LIMITED (HEREINAFTER REFERRED TO AS THE APPLICANT / OWNER) IN TERMS OF SECTION 96(1) OF THE TOWN PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE 15 OF 1986) FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 159 OF THE FARM ALEWYNSPOORT NUMBER 145 IR HAS BEEN GRANTED BY THE LOCAL COUNCIL OF MIDVAAL (HEREIN REFERRED TO AS "THE COUNCIL") IN TERMS OF SECTION 98 OF THE TOWN PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE 15 OF 1986).

1 CONDITIONS OF ESTABLISHMENT

1.1 NAME

The name of the township shall be **EYE OF AFRICA EXTENSION 1**.

1.2 DESIGN

The township shall consist of erven and streets as indicated on General Plan SG No: 5452/2007.

1.3 DISPOSAL OF EXISTING CONDITIONS OF TITLE

All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals, but excluding the following conditions:-

1.3.1 By virtue of Notarial Deed of Servitude number K852/1996S, the right has been granted to Eskom in respect of a building and tree restriction, together with ancillary rights, and subject to conditions, as will more fully appear from the aforesaid notarial deed and diagram SG No. A728/1994 annexed thereto and as indicated by the figure s6 s7 E on Diagram S.G. No. 1942/2006 and which affects Erven 2542 and 2543 only.

1.3.2 Aan die reg ten gunste van The Victoria Falls and Transvaal Power Company Limited om elektrisiteit oor die Resterend Gedeelte van Gedeelte "A" van die voornoemde plaas Alewynspoort Nr 145 I.R., groot 333,9589 hektaar ('n gedeelte waarvan hiermee getranspoteer word) te vervoer tesame met bykomende regte, en onderhewig aan kondisies, soos meer volledig sal blyk uit Notariele Akte van Serwituut Nr 1315/1940S met kaart daaraan geheg, geregistreer op 3 Desember 1940 die middellyn van welke serwituut word aangedui deur die lyne s13 s13b en s14 s15 s20 s21 op kaart S.G. Nr 1942/2006 and which affects Erven 1461 to 1465, 1882, 1897, 1898, 1901, 1902, 1904, 1908, 1909, 2128, 2532, 2535, 2537, 2546, 2548, 2555, 2558, 2559, 2561, 2567, 2607, 2616, 2617, 2618, 2633, 2658, 2662, 2664 only.

1.3.3. By Notarial Deed of Servitude K2213/1989S, dated the 4th of July 1989, the right has been granted to ESKOM to convey electricity over the property hereby conveyed together with ancillary rights, and subject to conditions, the route whereof has been defined in terms of Notarial Deed of Servitude K7402/1993S with diagrams annexed thereto the centre line of which is indicated by the lines s8 s9 s9x, s10a s10 s11 s12 and s9x s9a on the annexed Diagram SG No. 1942/2006

and as will more fully appear from reference to the said Notarial Deeds and which affects erven 1413 to 1434, 1883, 1899, 1900, 1905, 1910, 2075, 2111, 2126, 2127, 2529, 2535, 2537, 2538, 2543, 2544, 2558, 2559, 2567, 2607, 2608, 2616, 2617, 2618, 2633, 2634, 2658, 2659, 2661, 2663, only.

- 1.3.4 By virtue of Notarial Deed of Servitude K1228/1994S the withinmentioned property is subject to an electric power transmission servitude in favour of Eskom, the route whereof has been defined in terms of Notarial Deed of Servitude K5271/1994S with diagram annexed thereto the centre line of which is indicated by the lines s15 s16 s17 s18 and s15 s19 s20 s21 on the annexed Diagram SG No. 1942/2006 and as will more fully appear from reference to the said Notarial Deeds and which affects erven 1452 to 1461, 2543, 2607 and 2608 only.
- 1.3.5 By virtue of Notarial Deed of Servitude K2024/1976S, dated 30 January 1976, the withinmentioned property is entitled to a pipeline servitude in perpetuity 2 (Two) metres wide over Portion 70 (Portion of Portion 19) of the farm Alewynspoor No. 145, Registration Division I.R. as will more fully appear from reference to the said Notarial Deed which right shall not be passed onto the erven in the township.

1.4 DEMOLITION OF BUILDINGS AND STRUCTURES

The township owner shall at its own expense cause all existing buildings and structures situated within the building line reserves, or over common boundaries to be demolished to the satisfaction of the Council, when required by the Council to do so.

1.5 REMOVAL AND REPLACEMENT OF MUNICIPAL SERVICES

If, by reason of the establishment of the township, it should become necessary to remove or replace any existing municipal services, the cost thereof shall be borne by the township owner.

1.6 ACCEPTANCE AND DISPOSAL OF STORMWATER

The township owner shall make the necessary arrangements with the Council for the preparation and submission for approval of a storm water management plan, for acceptance and disposal thereof.

1.7 REPOSITIONING OF CIRCUITS

If, by any reason of the establishment of the township it becomes necessary to reposition any existing circuits of Eskom or Telkom, the cost thereof shall be borne by the township Applicant.

1.8 FORMATION AND DUTIES OF SECTION 21 COMPANY OR OTHER SIMILAR LEGAL ENTITY

1.8.1 The applicant shall properly and legally constitute a Homeowners' Association to the satisfaction of the Council before the sale of the first erf, which association shall not be de-registered without the consent of the Council.

1.8.2 The Access erven (erven 2591 to 2665) and any private open space shall be registered in the name of the Homeowners' Association, and the said erven may not be sold or in any way disposed of without prior written consent of the Council.

1.8.3 Each and every owner of an erf in the Township shall become a member of the Homeowners' Association upon transfer of the erf. Such Association shall have full responsibility for the access erven (erven 2591 to 2665) and the essential services serving the township contained therein and any private open space.

1.8.4 The Homeowners' Association shall have full legal power to levy from each and every member the costs incurred in fulfilling its function, and shall have legal recourse to recover such fees in the event of a default in payments by any member.

1.8.5 The Council shall not be liable for the malfunction of the surfacing of the access way.

1.8.6 A servitude for municipal services shall be registered over the access erven (erven 2591 to 2665) in favour of, and to the satisfaction of the Council.

1.8.7 The Council shall have unrestricted access to the access erven (erven 2591 to 2665).

1.8.8 The access erven (erven 2591 to 2665) and any private open space cannot be sold or transferred to any person except the Homeowners' Association, and the access erven (2591 to 2665) and any private open space may not be rezoned unless the consent from the Council has first been obtained.

1.8.9 Access from the erven in the Township to the Public Road shall be across the access erven (erven 2591 to 2665).

1.9 ACCESS

Access to or egress from the township shall be to the satisfaction of the relevant Council department.

1.10 RESTRICTION ON TRANSFER OF ERVEN

Erven 2591 to 2665 and any private open space shall be transferred only to the Homeowners' Association, which association shall have full responsibility for the functioning and proper maintenance of the said erven.

2 OBLIGATIONS IN RESPECT OF SERVICES AND LIMITATIONS IN RESPECT OF THE ALIENATION OF ERVEN

- (a) The applicant shall, in terms of a prior agreement with the Council, fulfil their obligations with the regard to the provision of engineering services in and for the township in terms of Chapter 5 of the Ordinance.
- (b) No contributions towards the provisions of external engineering services, bulk sewer and endowment in lieu of parkland shall be payable in terms of the Ordinance.
- (c) No erven may be alienated or be transferred into the name of any person prior to the Council having confirmed that sufficient guarantees / cash contributions / endowments have been provided for or that the Council is satisfied that compliance in respect of the supply of services by the township owner has been made.
- (d) Partial and/or phased Certificates in terms of Section 82 of the Townplanning and Townships Ordinance 1986 (Ordinance 15 of 1986) may be issued by the Council.

3 CONDITIONS OF TITLE

Conditions imposed by the Local Authority in terms of the provisions of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986).

The erven mentioned hereunder shall be subject to the conditions as indicated:-

3.1 ALL ERVEN EXCEPT ERVEN 2591 to 2665

3.1.1 The erf is subject to a servitude, two metres wide, in favour of the Local Authority for sewerage and other municipal

purposes, along any two boundaries other than a street boundary and in the case of a panhandle erf, an additional servitude for municipal purposes, two (2) metres wide across the access portion of the erf, if and when required by the Local Authority: Provided that the Local Authority may dispense with any such servitude.

- 3.1.2 No buildings or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within two (2) metres thereof.
- 3.1.3 The Local Authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it, in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the Local Authority.

3.2 ERVEN 2591 TO 2665

- 3.2.1 The erf is subject to a Servitude of Right of Way in favour of the owners and occupiers from time to time of all other erven in the Township, for access purposes.
- 3.2.2 The entire erf is subject to a servitude for municipal purposes and Right of Way in favour of the Local Authority as is more fully indicated on the General Plan.
- 3.2.3 The erf shall not be alienated or transferred into the name of any person/entity without the prior written consent of the local authority first having being obtained.

3.3 ERVEN 2530 AND 2548

The erf is subject to a Right of Way servitude ten (10) metres wide for access purposes in favour of the owners and occupiers from time to time of Erf 2534 as indicated on the General Plan.

EXECUTIVE DIRECTOR : DEVELOPMENT AND PLANNING
